# JEUG GEBEDSAAND: God se karakter

**1. Open met gebed**

**2. Praise en worship**

3. **Wat is gebed**?

- Gebed is wanneer ons met God praat

4. **Hoekom bid ons**?
- as jy 'n vriend het, wil jy graag met hom/haar gesels, en jy wil weet wat hulle dink en
  hoe hulle voel oor goed?
- vriende praat met mekaar – oor belangrike en onbelangrike goed
- hoe kommunikeer julle met julle vriende? (facebook/BBM/ens)
- so nou vra ons die vraag – hoekom bid ons?
- Jesus noem ons Sy vriende, en daarom wil Hy graag hê dat ons met Hom moet praat
  soos wat jy met jou vriend sal praat
- as God 'n "Facebook" page gehad het – dink jy Hy sou JOU ge-"friend" het?

5. **Waaraan laat God jou dink**?
- laat al die kinders buite toe gaan en 3 voorwerpe gaan optel wat hulle aan God laat dink
- wanneer hulle terugkom, laat hulle sê hoekom hulle hierdie items gekies het, en hoekom dit hulle aan God laat dink

6. **God se karakter**:
- nou gaan ons God se naam bietjie grootmaak
- gee vir elke groep 'n kans om 'n eienskap van God uit die houer te trek
- leier verduidelik wat die eienskap beteken, en bid dan oor hierdie eienskap van God
- bv. Here, ons dank U vir U genade.  Here ons prys U omdat U so groot is, Here U verdien ons lof omdat U die Allerhoogste is
- laat die kinders nou 2,2 na mekaar draai en bid oor hierdie eienskap van God

**7. Nagmaal**
- Les verduidelik die nagmaal en hoekom ons dit gebruik,
- gee vir elke kind 'n papiertjie en pen, en voordat Les die nagmaal instel, laat hulle onbeleide sondes daarop neerskryf, en vir God vra om hulle daarvoor te vergewe
- Bedien die nagmaal aan die kinders

8. **Dankie**:
   - die leier begin om te bid, dankie Here vir… en dan volg elke kind in die groep deur dieselfde te sê en waarvoor hulle dankbaar is

**God se karakter**

1. **Almagtig** - Hy kan enige iets doen wat Hy wil, maar sy aksies sal altyd ooreenstem met die res van sy karakter - Open 19:6, Jerm 32:17,27

2. **Geduldig** – wat beteken God kan lank uithou voordat Hy kwaad raak

3. **Regverdig** – wat beteken dat God kan nie en wil ook nie oortredinge oorsien nie, a.g.v Sy regverdigheid en gregtigheid moet Jesus God se oordeel ervaar toe ons sondes op Hom geplaas is – Eks 9:27, Matt 27:45-45, Rom 3:21-26

4. **Uniek** – daar is niemand anders soos God nie, nie in die hemel of op die aarde nie

5. **Heilig** – wat beteken dat Hy afgesonder is van sonde en dus vyandiggesind is daarteen. God sien alle verkeerde dinge raak en dit maak Hom kwaad; in die Bybel word gewoonlik na vuur verwys tesame met heiligheid. Daar word na God verwys as 'n verterende vuur – Jes 6:3, Hab 1:13, Eks 3:2,4,5, Heb 12:29

6. **Ewig** – wat beteken dat Hy geen begin of einde het nie en dat Sy bestaan nooit sal eindig nie

7. **Onsterflik** – Hy kan nie doodgaan nie – Deut 33:27, Ps 90:2,1, Tim 1:17

8. **Drie-eenheid** – wat beteken dat Hy drien in een is, dieselfde in wese, gelyk in krag en mag dit verwys na 3 spesifieke Persone – Vader, Seun, Heilige Gees – Matt 28:19,
   Mark 1:9-11

9. **Alwetend** – wat beteken dat Hy die verlede, hede en toekoms weet, selfs wat ons op enige oomblik dink – Ps 139:1-5, Spr 5:21

10. **Alomteenwoordig** – wat beteken dat Hy altyd en oral teenwoordig is, dit beteken dat God in alles is – Ps 139:7-13, Jerm 23:23

11. **Wys** – God weet altyd wat die beste is

12. **Skepper** – God het alles gemaak, ook vir my en jou

13. **Allerhoogste** – daar is niemand groter as God nie, Hy alleen is die grootste in die hemel en op die aarde

14. **Enig** –wat nie alleen beteken dat daar geen ander soos Hy is nie, maar ook dat Hy alleen die diepste behoeftes en verlangens in ons hart kan vervul – Deurt 6:4

15. **Toevlug** – wanneer dit moeilik en swaar gaan met my, of ek seergekry het, kan ek na God toe gaan, en Hy sal my beskerm

16. **Vader** – God is soos 'n pa vir ons, maar nie soos ons pa's op aarde wat ons teleurstel en in die steek laat nie. God is die perfekte, volmaakte Pa

17. **Herder** – 'n herder pas skape op, so wanneer God sê dat Hy ons Herder is, beteken dit Hy pas ons op soos 'n herder sy skape oppas

18. **Betroubaar** - as God sê iets is so, dan is dit so. As God sê Hy gaan iets doen, dan gaan Hy dit doen, Hy gaan jou nie halfpad 'drop' nie

19. **Genadig** – ons hoef nie vir ons sondes te sterf nie, God was ons genadig en het Jesus aan die kruis vir ons sondes laat sterf

20. **Onveranderbaar** – wat beteken hy kan nie verander nie, wat beteken dat God ten volle betroubaar en geloofwaardig is – Mal 3:6, Num 23:19, Ps 102:26,27

21. **Onvergelykbaar** – wat beteken dat niemand soos Hy is nie, nie werke of wie Hy is nie, Hy is ongeëwenaard en volmaak – 2 Sam 7:22, Ps 86:8, Jes 40:25; Matt 5:48

22. **Onpeilbaar** – dit is onmoontlik om God ten volle te verstaan – Jes 40:28, Ps 145:3,
Rom 11:33-34

23. **Waarheid** – wat beteken dat Hy is, alles wat Hy sê Hy is, Hy sal bly wie Hy sê Hy is, en kan nie lieg nie – Ps 117:2, 1 Sam 15:29

24. Groot
25. Lig
26. Liefde
27. Goed
28. Sterk